2022

Kerkkalenders

Omgeewerkers het begin om die kalenders gedurende Desember te versprei en sal daarmee voortgaan gedurende Januarie. Met groot dank en waardering aan ons omgeewerkers

BORG

van die aand

HJ Projekte

Vir alles in ysterHenkie Cooke

082 553 2003

Aangepaste vlak 1 inperking soos op 30/12/2021:

Die aandklokreël is nie meer van toepassing nie.
Die perk op byeenkomste is 1 000 persone binnenshuis en 2 000 persone buitenshuis. Die voorwaarde geld steeds dat binnenshuise byeenkomste nie 50% van die kapasiteit van die lokaal mag oorskry nie. Die perk by begrafnisse is ook steeds 100 persone en mag nie langer as 2 uur duur nie.

Protokol vir kerkdienste:

dra van maskers, handsanitasie, invul van besoekersboek en handhawing van 1.5m sosiale afstand, geld steeds.

JANUARIE se Deurkollektes

02 Jan: Gemeentebediening
09 Jan: Projek 2022/23
16 Jan: Dienende Hande
23 Jan: Sinode: Zimbabwe, Malawi, Mosambiek
30 Jan: Sinode: Instituut vir die Blindes

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:

SnapScan

Snap here to pay

Works with

3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

16 Januarie 2022

Oggenddiens 09:00

Hartlik welkom in ons erediens vandag, die laaste Sondag van die skoolvakansie. Die seisoen waarin ons ons tans bevind op die kerkjaarkalender, is Epifanie, die verskyning van die Lig in 'n duister wêreld. Om ons hieroor te help dink, lei die leesrooster ons vandag na 1 Korintiërs 12:1-11. Mag die Here ons elkeen vandag laat ervaar hoe groot sy liefde vir ons is, 'n liefde wat ons wil dring tot oorgawe aan Hom.
Laat ons dan hierdie jaar se werksaamhede aanpak met omgeeharte vol toewyding en ywer vir Hom wat ons eerste liefgehad het.
Om by die gestroomde eredienste uit te kom, kan jy ons gemeente se webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ besoek vir die skakel **ÓF** direk na Youtube gaan en dan in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" intik. Die jongste erediens behoort bo-aan die blad beskikbaar te wees.
Mag die Here vandag verheerlik word deur ons sang en oordenking van sy Woord.

Die meditatiewe dienste en kategese hervat weer op 23/1/2022. Daar sal ook 'n gesinsdiens in die saal, gelyklopend met die oggenddiens in die kerk plaasvind op 23/1.

KERSMARK 2021

2021 se Kersmark is iets van die verlede, maar ons gee graag die volgende inligting deur vir diegene wat nog nie kennis geneem het nie.
Danksy harde werk en 'n reuse spanpoging het ons in 2021 'n wins van **R123 224** gerealiseer teenoor 2020 se **R110.088**.

Voorbidding

- **Klaas Holtzhausen**, met Marina se afsterwe.
- **Hannes & Cecile vd Poel**, sterk aan na COVID – Hannes na hospitalisasie.
- **Buks van Zyl,** in Spescare na groot rugoperasie.
- **Annelie Oosthuizen,** gesondheidsprobleme.
- **Anna Goss,** gesondheidsprobleme.
- **Elmien Groenewald,** knievervanging.
- **Elize Britz**, heupvervanging.
- **Chemie Prinsloo**, chemo.
- **Elize Basson**, sterk tuis aan.
- **Elsa Weyers**, gesondheidsprobleme.
- **Pieter Lerm,** gesondheidsprobleme.
- **Koos Swart**, behandeling.
- **Phillip & Renate Retief**, gesondheidsprobleme.

Bybelstudie

Woensdag 19 Jan

- 10:00 – kerksaal
- 18:30 - kerksaal

Gebedsgroep

Woensdag 19 Jan

09:00 - kerk

Manne Reisgesprek Vrydagoggende

Hervat Vry, 21/1
Koffie 05:15 Gesprek 05:30

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!